

### **Sing vooraf staande: Psalm 63:1, 2 (p. 307)**

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!  
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.  
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,  
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.
- 2 Ek het voorheen, in stille wag, / U in u heiligdom betrag,  
waar U in glans, aanbidd'lik skoon, / en alvermoënd sit ten troon.  
Want bo ons lewe in kummernis, / wat sonder U geen lewe is,  
skat ek u grote goedheid, HEER, / waarvoor my mond U dankend eer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Psalm 48:1, 4 (p. 243)**

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

### **Gebed**

#### **Psalm 119:38, 39 (p. 594)**

- 38 HERE, ek wyk deur u genade / weg van elke slegte pad;  
maar ek wyk nie van u regte, / want hul is my wysheidskat.  
Soet soos heuning is u woorde, / soeter, want hul gee my raad;  
daarom is 't dat ek van harte / al die valse paaie haat.
- 39 HEER, u woord is my 'n fakkelt / wat sy ligglans voor my dra,  
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.  
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,  
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

**Skriflesing:** 2 Timoteus 3:10-4:8; Johannes 10:22-42;  
Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 5

**Kernvers:** 2 Timoteus 3:14-17; Johannes 10:27

**Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot die verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.**

(2 Timoteus 3:14-17 AFR83)

**My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.**

(Johannes 10:27 AFR83)

## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 5

#### **Die gesag van die heilige Skrif**

*Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewyse daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.*

**Tema:** Het die Bybel gesag oor jou lewe?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Here wil graag hê dat alle mense Hom moet leer ken as die enigste, lewende God. Daarom het Hy sy Woord wat Hy wil hê ons moet hoor op skrif gegee en Hy het mense, die profete en apostels, gebruik om sy Woord neer te skryf. Dit is die dinge wat ons in Artikel 2 en 3 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely. Gelei deur die Heilige Gees kon die kerk van Christus ook daarby uitkom om te bely watter boeke die Woord van God is. Omdat ons deur die Heilige Gees oortuig is dat net hierdie ses en sestig boeke die Woord van God is, bely ons in Artikel 4 watter boeke dit is, naamlik die nege en dertig boeke van die Ou Testament en die sewe en twintig boeke van die Nuwe Testament wat ons op die naam noem.

Maar wanneer ons hierdie dinge aangaande die Bybel bely het, het ons nog nie genoeg gesê nie. Die Heilige Gees maak vir ons ook in die Bybel duidelik dat hierdie Woord van God gesag het. Vanaand staan ons dan stil by hierdie saak en ons vra onself af: Het die Bybel nog gesag oor my en jou lewe?

Ons vra hierdie vraag nie omdat ons nou maar iets wil sê nie. In die dae waarin ons leef, is dit uiters belangrik dat Christene weer en aanhoudend duidelik moet sê dat die Bybel gesag het oor hulle hele lewe. Daar is immers baie mense wat prontuit sê dat die Bybel nie meer gesag kan hê as enige ander godsdienstige boek nie. Daarmee stel hulle dan die Bybel gelyk aan die boeke van ander godsdienste, so asof God maar een van baie gode is. Omdat ons glo en bely dat ons God die enigste Here is, moet ons ook duidelik sê wat ons van die Bybel, die Woord van God, glo.

Aangesien ons wil luister wat die Heilige Gees ons leer oor die gesag van God se Woord, gaan ons nie op die eerste sin wat ons in Artikel 5 bely, konsentreer nie. Wanneer ons aan die hand van Artikel 7 gaan luister waarom die Bybel genoegsaam is, sal ons terugkom na hierdie eerste sin. Daarom begin ons met die tweede sin: **Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is.**

Wie sê dat hy en sy *sonder twyfel* alles wat in die Bybel geskryf staan, glo, sê dat die hele Bybel geloofwaardig is. Die Bybel is betroubaar en ons kan dit onvoorwaardelik glo. Vir ons mense, en veral vir ons wat in die een en twintigste eeu leef, is dit moeilik om te dink dat daar geskrewe woorde kan wees wat 'n mens onvoorwaardelik maar kan glo. Ons eie geskiedenis in Suid-Afrika en ons eie ervaring met mense maak dit vir ons moeilik om geskrewe woorde sommer net te glo. Ons weet tog almal hoe maklik mense woorde kan verdraai of hulle sê iets, en wanneer hulle eie woorde hulle in 'n hoek gedryf het, sê hulle maklik dat hulle dit nie bedoel het soos wat jy of ek dit gehoor en verstaan het nie. So maak ons God egter nie. Wat Hy sê, bedoel Hy, want Hy is volkome regverdig en goed. Hy word daarom nie in 'n hoek gedryf met sy eie woorde nie.

Ons bely ook dat ons *alles* wat in die Bybel geskryf staan, glo. Dit beteken dat elke deel van die Bybel, hoe klein dit ook al mag wees en hoe onbenullig dit vir my en jou sondige verstand ook al mag lyk, gesag oor ons lewe vandag het. Daar is nie een deeltjie van die Bybel wat ons maar kan oorslaan omdat ons reken dat dit net vir Israel of vir Paulus bedoel was nie. Dit is wat baie hedendaagse mense wil doen met die Bybel. Wanneer ons lees dat die Here 'n homoseksuele lewenstyl verbied, sê die hedendaagse mens dat Paulus net vir die mense van sy tyd so gesê het. Paulus het dan kastyg ook nog nie al die kennis oor die mens se komplekse gees besit soos wat ons dit vandag verstaan nie.

Nee, geliefde broer, suster en kind, dit was nie Paulus wat nog nie van die mens se komplekse gees geweet het wat so gesê het nie. Dit is die Here ons getroue God wat gesê het dat 'n homoseksuele lewenstyl 'n gruwel in sy oë is. God het immers die hele Skrif geïnspireer. Deur die Heilige Gees het God sy woorde en gedagtes in die verstand en mond en hart van sy profete en apostels vasgelê sodat hulle God se Woord betroubaar kon neerskryf.

God se Woord is neergeskryf vir die mense van Paulus se tyd sodat hulle God kon leer ken om Hom reg te dien, en vir ons in die een en twintigste eeu sodat ook ons God kan leer ken om Hom reg te dien. Die Here se Woord is betroubaar, ook vandag, want Hy is steeds besig om die nageslag van Abraham, die vader van die gelowiges, so baie te maak dat hulle nie eers getel kan word nie. Met sy Gees en Woord is die Here steeds besig om vir jou en my vaster aan Hom te bind sodat ons nageslag van Abraham kan wees. Daarom het Hy sy betroubare Woord aan ons gegee.

Maar nou kan ons ook vra, wat van die gedeeltes in die Bybel wat ons nie maklik verstaan nie. Het die Here sy Woord nie betroubaar aan ons gegee sodat ons dit moet verstaan om Hom werklik te ken en te dien nie? Die Here het inderdaad sy Woord aan ons gegee sodat ons dit kan verstaan. Daarom gee Hy ook sy Heilige Gees aan sy gelowiges sodat ons deur middel van getroue en volhardende Bybelstudie die Bybel kan verstaan. Die Here wil ons met die Bybel toerus vir elke goeie werk wat Hy vir ons bestem het. Omdat die Here wil hê dat ons sy Woord moet verstaan, sal ons met getroue Bybelstudie deur die Heilige Gees gelei word om iets wat op een plek moeilik verstaan word op 'n ander plek in die Bybel in helderder woorde te hoor en te verstaan.

Broers, susters en kinders, gelowiges knoop nie 'n redenasie aan wanneer hulle bely dat die Bybel volle gesag oor hulle lewe het nie. Ons sê eenvoudig dat ons sonder twyfel alles wat in die Bybel geskryf staan, glo. Maar die wêreldse mens is nie met so 'n kort sinnetjie oor die gesag van die Bybel te tevrede nie. Hierdie soort mens wil graag met grondige argumente oortuig word. En nou lyk dit asof ons gelowiges verleë staan, want watter argumente sal ons nou kan aanvoer om te bewys dat die Bybel wel gesag het.

Dit mag miskien lyk asof ons verleë staan, want ons kan geen wetenskaplike argumente op die tafel sit wat hierdie wêreldse mens kan oortuig nie. Trouens, die Here het nie nodig dat ons mense die gesag van sy Woord moet verdedig nie, Hy sal self die gesag van sy Woord verdedig. God die Heilige Gees doen dit met die Woord van God en Hy gebruik ook die kerk in hierdie werk van Hom. Let ons mooi op na die laaste deel van Artikel 5, sien ons dit is juis hierdie redes wat ons aanvoer waarom ons bely dat die Bybel gesag het.

Die eerste rede wat ons aanvoer hoekom die Bybel gesag het, klink aanvanklik vreemd vir ons: ***Ons glo sonder twyfel alles wat in die Bybel geskryf staan, nie juis omdat die kerk die Bybel as die Woord van God aanvaar en as 'n boek met gesag beskou nie.*** Die feit dat die kerk die Bybel as die Woord van God aanvaar en daarom die gesag

daarvan erken, is 'n rede hoekom ons sê dat die Bybel gesag het oor ons lewens. Maar dit is nie die vernaamste rede nie. Hoekom ons die getuienis van die kerk as rede noem, word juis vanuit Paulus se tweede brief aan Timoteus duidelik.

Timoteus het as 'n jong seun reeds kennis gemaak met die Woord van God. Sy ma en ouma het hom in die geloofsake onderrig en hulle het die Ou Testament gehad waaruit hulle vir Timoteus van die Here geleer het. Ons Gereformeerdes glo en bely dat die gelowiges die kerk van die Here is. Dit is nie net die predikante, ouderlinge en diakens wat die kerk is nie. Timoteus se ma en ouma was gelowiges, daarom kan ons met vrymoedigheid sê dat Timoteus ook by die kerk, by gelowiges, geleer het dat die Bybel die Woord van God is en daarom gesag oor sy lewe het. Op sy eerste sendingreis het Paulus vir Timoteus in Listra, Timoteus se geboortedorp ontmoet, en aan hom die evangelie van Jesus Christus verkondig wat voluit by die Ou Testament aansluit. Daarom sê Paulus vir Timoteus:

**Maar jy, bly by wat jy geleer het en vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was**  
(2 Timoteus 3:14 AFR83)

Timoteus het as klein seuntjie geglo dat die Bybel gesag het omdat sy ma en ouma hom so geleer het. So glo ook ons kinders dat die Bybel gesag oor hulle lewens het omdat Pa en Ma hulle leer dat die Bybel gesag het, net soos wat 'n kind aanvanklik op grond van die onderwyser se woord glo dat een plus een twee is.

Maar tog is die kerk se getuienis oor die Bybel nie die vernaamste rede nie. Die Roomse Kerk beweer dat die gesag van die Bybel aanvaar moet word alleenlik omdat die kerk so sê. Met hierdie siening sê die Roomse Kerk dat die kerk se gesag hoër is as die van die Bybel. Dan het die mens se woorde meer gesag as die Woord van God, want die mense ken gesag toe aan die Bybel en dit kan tog nie waar wees nie. Die kerk bestaan immers uit sondaars – ja, ons is verlore sondaars, maar steeds sondaars – en hulle uitsprake is nie altyd sonder die smet van sonde nie. Daarom kan die kerk se getuienis nie die enigste rede wees hoekom die Bybel gesag oor ons lewens het nie. Dit is hoekom ons sê: **nie juis omdat die kerk die Bybel aanvaar**, het die Bybel gesag nie, **maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig** dat die Bybel die Woord van God is.

In die eerste gedeelte in Johannes 10 leer Jesus ons dat Hy die Goeie Herder is. Kort nadat Hy hierdie onderrig gegee het, was dit die fees van die tempelwyding in Jerusalem. Jesus was ook daar, al het die Jode al vir 'n geruime tyd 'n teenkanting teen Jesus begin opbou. Ons lees van hierdie teenkanting wat aan die opbou is sedert Hy die eerste maal die brode vermeerder het. By hierdie fees in Jerusalem het die teenkanting al so aangegroei dat die Jode nou vir Jesus wil dwing om vir hulle te sê of Hy regtig die Christus is. 'n Mens hoor sommer die ongeduld in hulle woorde.

Jesus laat Hom egter nie deur hulle houding intimideer nie. Inteendeel, Hy laat 'n vermaning in hulle ore weerklink. Hy het al vir hulle gesê dat Hy die Christus is, sê Hy, maar die Jode glo dit nie. Juis deur die wonders wat Hy doen en die preke wat Hy preek, word dit duidelik dat Hy werklik die Christus is. Dan slaan Jesus die vermaning dieper in:

**Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie** (Johannes 10:26 AFR83).

Jesus hou steeds by die beeld van die herder en sy skape waar Hy die Goeie Herder is. En dan vervolg Jesus:

**My skape luister na my stem; Ek ken hulle en hulle volg My** (Johannes 10:27 AFR83).

Die skape wat aan Jesus behoort omdat die Vader hulle aan Hom gegee het, herken sy stem as die stem van die Goeie Herder wat hulle onvoorwaardelik kan volg.

Geliefdes, met hierdie beeld van die skape wat hulle herder se stem herken, kan ons verstaan wat ons bedoel met die getuienis van die Heilige Gees in ons harte. Soos 'n lammetjie wat tussen al die honderde stemme in die kraal die stem van sy ma uitken, net so, net baie sterker, getuig die Heilige Gees in die hart van die gelowige dat dit die stem van God is wat in die Bybel met hom en haar praat. Die getuienis van die Heilige Gees is dus nie 'n bonatuurlike stem buite die Bybel om nie. Dit is ook nie 'n verskyning van 'n engel of 'n visioen waardeur ons oortuig word om die Bybel as die gesaghebbende Woord van God te aanvaar nie. Diep in jou en my hart oortuig die Heilige Gees ons dat die Bybel God se Woord is.

Dit is ook net die ware gelowiges wat hierdie getuienis van die Heilige Gees in hulle harte ontvang. Hulle ontvang hierdie getuienis wanneer hulle deur die Heilige Gees wedergebore word. Met die wedergeboorte kom die Heilige Gees in die gelowige se lewe in. Dan maak Hy dié mens se ore oop om in die Bybel die stem van God te hoor; Hy maak dié mens se oë oop om die aangesig van Jesus Christus sy Verlosser te sien; en Hy maak dié mens se hart lewendig om die roepstem van God in die Bybel as die stem van sy hemelse Vader te herken.

En nou, geliefde broer, suster en kind, werk die Heilige Gees nooit los van die Woord van God nie. Hy gebruik juis die Woord om hierdie oortuiging in ons hart te werk. Daarom gee ons die derde rede soos volg weer: Die Bybel het die bewys dat hy die gesaghebbende Woord van God is in homself, ***aangesien selfs die blindes kan aanvoel dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind***. Met die woorde in 2 Timoteus 3:16 maak die Heilige Gees dit met die Bybel duidelik:

**Die hele Skrif is deur God geïnspireer** (2 Timoteus 3:16 AFR83).

Die hele Bybel kom van God af. Alles wat daarin geskryf staan, is God se gesaghebbende Woord.

Selfs die blindes kan aanvoel dat dit gesag het, want ons het nie nodig om met ons oë te sien dat die Woord van God gesag het nie. Die Heilige Gees gryp elke uitverkore kind van God in die hart met die Woord van God. En of hierdie uitverkore kind nou kan sien of nie, deur die kragtige werk van die Heilige Gees word sy lewe totaal omgekeer. Uit die dood van die sonde word hierdie mens in Christus lewendig gemaak. In die wil van die wedergebore mens stort die Heilige Gees nuwe eienskappe in en maak die wil wat dood was, lewendig; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig; en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke dra. Daarom kan elke ware gelowige bely: Ek glo sonder twyfel alles wat in die Bybel geskryf staan.

Geliefdes, indien elkeen van ons bely dat die Bybel die gesaghebbende Woord van God is, sê ons vir mekaar en vir die wêreld dat ons aan die Here Jesus behoort. Dan bely ons dat Jesus Christus ons ook van al ons sondes geheel en al verlos het. Maar nou moet ons ook onthou: Bely en beleef gaan saam. Indien ons sê dat die Heilige Gees ons met die gesaghebbende Woord van God aan Christus verbind het, moet dit ook in ons lewens sigbaar wees. Dan moet ons mos vrugte van goeie werke dra soos 'n goeie boom, omdat ons doen wat die Here ons in sy Woord beveel.

Maar die mens wat hier tussen gelowiges saam bely dat die Bybel die gesaghebbende Woord van God is, maar buite in sy en haar lewe van Maandag tot Saterdag leef asof die Here geen Woord gespreek het nie, moet weet dat hy en sy besig is om te lieg. Dan lieg ons nie vir ander mense of vir onself nie maar vir die Here wat alleen seggenskap oor ons hele lewe het. Daarom vra ons onself weer af: Het die Bybel regtig gesag oor ons hele lewe?

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 119:43, 45 (p. 595)

- 43 Stel u woord my tot 'n steunsel, / dat 'k kan lewe, en nie loop  
tot my eie spot en skande, / na 'n ongewisse hoop.  
Sterk my, red my; laat die liefde / tot u wet in my ontwaak;  
want U bring oor hul veragting / wat bedrog hul steunsel maak.
- 45 Wil my, wat u wet betrag het, / nimmer prysgee as 'n roof  
van vermeetles, maar beskerm my / soos u woord dit my beloof.  
Hoe verlang ek na die heilgoed / wat my toewink in u trou!  
Wees my goed, maak my verstandig, / dat ek u bevel kan hou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap  
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
19 Augustus 2012